**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**MOTORBAKHERSTELWERK SG**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 200**

**BENODIGHEDE:**

- Sakrekenaar
- Tekeninstrumente

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord Vraag 1 en enige SES ander vrae.

## VRAAG 1
## VERPLIGTEND

1.1 Noem VYF veiligheidsreëls in die werkplek. (5)

1.2 Waar moet brandbare gasse gestoor word? (1)

1.3 Noem VYF veiligheidsreëls wat nagekom moet word wanneer spuitverfwerk gedoen word. (5)

1.4 Noem VYF veiligheidsreëls by die gebruik van die oksiasetileensweistoestel. (5)

1.5 Noem VYF kwaliteite waaroor ’n sproeikamer moet beskik. (5)

1.6 Wat kan gebruik word om teerspatsels van ’n motor te verwyder? (1)

1.7 Verduidelik wat roes is. (4)

1.8 Waarom word klinknaels by die monteer van konvensionele onderstelle gebruik en **nie** boute en moere nie? (2)

1.9 Noem DRIE eienskappe van ’n goeie pigment. (3)

1.10 Definieer die volgende:

1.10.1 Vervorming / Vormverandering (3)
1.10.2 Elastisiteit van staal (3)
1.10.3 Spanning (3)

1.11 Noem AGT tipes gereedskapstukke wat vir bakherstelwerk gebruik kan word. (8)

1.12 Noem TWEE voordele wat sintetiese bakvuller bo baklood het. (2)
**[50]**

## VRAAG 2

2.1 ’n Sportmotor met ’n glasveselbak was in ’n ligte ongeluk betrokke. Die enigste skade is ’n skeur in die modderskerm. Beskryf stapsgewys hoe jy die skade sal herstel. (12)

2.2 Die bagasiebakdeksel van ’n motor is herstel en ’n gedeelte van die verf is verwyder. Beskryf hoe jy die bagasiebakdeksel sal voorberei en verf. (13)
**[25]**

## VRAAG 3

3.1 Maak ’n eenvoudige skets van ’n konvensionele onderstel. Dui die metode en punte aan wat getoets (gemeet) moet word om te bepaal of die onderstel gebuig is of nie. (5)

3.2 Beskryf die metode om ’n gebuigde onderstel te herstel. Die motor was van agter in ’n ongeluk betrokke en die onderstel is effens na onder gebuig. (5)

3.3 Die deur van ’n motor is vervang. Beskryf in detail hoe die deur voorberei en geverf moet word. (15)
**[25]**

## VRAAG 4

4.1 Noem VYF kontroles wat gedoen moet word voordat wielsporing gestel kan word. (5)

4.2 Wat kan ’n motor se voorwiele laat waggel? Noem enige DRIE redes. (3)

4.3 Maak lynsketse om die volgende stuurhoeke te illustreer:

4.3.1 Positiewe wielvlughoek (5)
4.3.2 Toesporing (4)
4.3.3 Ackerman-beginsel (8)
**[25]**

## VRAAG 5

5.1 Beskryf die aansteek en instel van die oksiasetileengassweisstel om dun sagte staal te sweis. (7)


5.2 Teken 'n skets van die linkswaartse sweismetode wanneer daar met die oksiasetileensweistoestel gesweis word. Toon die grade duidelik aan. (10)

5.3 Verduidelik hoe warmkrimping gedoen word. (8)

**[25]**


## QUESTION 6

6.1 In Figuur 6.1 word 'n spuitroer aangetoon. Skryf net die nommer en daarnaas die naam van elke onderdeel in jou antwoordboek neer. (10)




**Figuur 6.1**

6.2 In die onderstaande sketse word verskillende sproeipatrone getoon. Identifiseer by elk die moontlike oorsake van die sproeipatroon gedurende spuitverfwerk. (10)




6.3 Wat veroorsaak die lemoenskileffek op geverfde panele? (1)

6.4 Moet bestaande verf van die oppervlak verwyder word voordat dit weer geverf word? (1)

6.5 Wat veroorsaak dat verf op sekere oppervlakke nie droog word nie? (1)

6.6 Waarom is die afgewerkte verfoppervlak somtyds skurf en sanderig? (1)

6.7 Hoe ver moet die spuitroer vanaf die oppervlak gehou word wanneer verf aangewend word? (1)

**[25]**

## VRAAG 7

7.1 Beskryf hoe verfverwyderaar aangewend moet word om ’n oppervlak skoon te maak en die ou verf te verwyder. (5)

7.2 Beskryf die metode wat gebruik word om bakvuller aan ’n oppervlak aan te wend en die oppervlak af te werk. Die grein van die skuurpapier moet ook genoem word. (8)

7.3 Verduidelik elk van die volgende:

7.3.1 Grondlaag (2)
7.3.2 Balkvuller (2)
7.3.3 Oppervlak-deklaag (2)

7.4 Beskryf in detail hoe ’n spuitroer skoongemaak moet word na gebruik. (4)

7.5 Noem TWEE veiligheidsmaatreëls wat in ag geneem moet word wanneer daar met verfverwyderaar gewerk word. (2)

**[25]**

## VRAAG 8

8.1 Beskryf stapsgewys hoe ’n geroeste paneel herstel behoort te word. (10)

8.2 Wat veroorsaak roes? (3)

8.3 Waar kom roes gewoonlik by ’n motor voor? (3)

8.4 Hoe kan vervaardigers van motors roes voorkom? (2)

8.5 Noem DRIE algemene reëls wat nagekom moet word wanneer kleure gemeng word. (3)

8.6 Wat is die doel van onderbakseëlmiddel en waaruit bestaan dit? (3)

8.7 Waarom is dit noodsaaklik om die onderbakwerk eers deeglik skoon te maak voor die aanwending van ’n seëlmiddel? (1)

**[25]**

**TOTAAL: 200**

**EINDE**